# POPIA VIR NAVORSERS

Die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013 (POPIA) geld vir navorsingsaktiwiteite wat identifiseerbare persoonlike inligting van individue of organisasies behels. Daar word kragtens POPIA van jou verwag om die impak van navorsing op deelnemers se reg op privaatheid te oorweeg. Hierdie oorweging maak ook 'n integrale deel van navorsingsetiek uit.

## DEÏDENTIFISEER WANNEER MOONTLIK

Deïdentifisering is wanneer jy die persoonlike inligting van navorsingsdeelnemers in 'n onidentifiseerbare formaat bewaar. In plaas daarvan om navorsingsdeelnemers te identifiseer, kan jy kies om die volgende te doen.

### SAMEL ANONIEME NAVORSINGSDATA IN

As jou projek nie vereis dat jy die identiteit van die navorsings-deelnemers moet weet nie, moenie inligting insamel wat hulle identifiseer nie.

### DEÏDENTIFISEER DIE INLIGTING SO GOU DOENLIK

Dit is soms nodig dat jy aanvanklik weet wie die navorsingsdeelnemers is, maar nie vir die duur van die projek nie. As jy vervolgens inligting deïdentifiseer, geld POPIA nie meer nie.

### VERBERG DIE IDENTITEIT VAN DIE NAVORSINGS-DEELNEMERS (PSEUDONIMISERING)

Jy kan ook die navorsingsdeelnemers se identiteit met behulp van pseudonieme verberg. POPIA sal steeds geld, maar die inligting sal beveilig bly.

## SAMEL SO MIN AS MOONTLIK IN

Maak seker dat die persoonlike inligting wat jy insamel, met jou projek verband hou. Vra jou af:

- Waarom samel jy persoonlike inligting in?
- Hoe beplan jy om dit te gebruik?
- Kan jy jou doelwitte bereik sonder om persoonlike inligting in te samel?

## WEES DEURSIGTIG

Maak seker dat die navorsingsdeelnemer goed ingelig is oor die doel van die navorsing en hoe jy hul persoonlike inligting gaan gebruik. Maak seker dat jou medenavorsers bewus is van die privaatheidsrisiko's vir die navorsingsdeelnemers en die stappe wat hulle moet doen om daardie risiko's te versag. Dokumenteer die stappe in jou navorsingbestuursplanne op 'n verifieer-bare en deursigtige wyse en maak seker dat almal hul rolle verstaan.

## HOU INLIGTING VEILIG

Beveilig altyd jou navorsingsdata teen ongemagtigde toegang, gebruik, verlies of vernietiging. Byvoorbeeld:

- Gebruik 'n beveiligde omgewing waar lêers bewaar en gedeel word.
- Maak seker dat jy die Universiteit se beleide en prosedures vir die bewaring en behoud van navorsingsdata volg.
- Enkripteer sensitiewe navorsingsdata.
- Maak seker dat jou rugsteune beveilig is.
- Beperk toegang tot identifiseerbare persoonlike inligting tot so min mense moontlik.

## VRA HULP

Maak seker dat jy jou verantwoordelikhede deurlees en dit verstaan. Maak jouself vertroud met die volgende beleide en regulasies van die Universiteit Stellenbosch:

- Navorsingsbeleid
- Policy for Responsible Research Conduct
- Research Data Management Regulation
- Reglement vir Privaatheid

Vir vrae oor POPIA of verbandhoudende beleide, kontak: **privacy@sun.ac.za** of besoek **www.sun.ac.za/privacy**

• ***Dokument verwysing:*** *USAF POPIA for Researchers.*